Wes-Kaapse Regering
Onderwys

Direktoraat: Kurrikulum VOO

Verwysing: 20170526-1313
12/2/3
Navrae: W Mercuur

Kurrikulum VOO-minuut: DCF 0017/2017

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulumkoördinering en -advies, Kringbestuurders, Hoofde: IBB-koördinering en -advies, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Assesseringskoördineerders, Vakadviseurs, Hoofde van Inrigtings met leerders van graad 10 tot 12, Vakhoofde vir tale en Taalonderwysers vir graad 10 tot 12

Onderwerp: Errata vir Afrikaans Huistaal en Eerste Addisionele Taal graad 12-digbundels

1. Die Departement van Basiese Onderwys het Omsendbrief S3 van 2017 rakende die errata vir Afrikaans Huistaal en Eerste Addisionele Taal graad 12-digbundels uitgereik.

2. As voorbereiding vir die implementering van die voorgeskrewe gedigte in 2017 het vakadviseurs en onderwysers foute en weglatings in die graad 12 Afrikaans Huistaal-digbundel geïdentifiseer, d.i. *Verse in my inboks* (Vivlia-uitgewers), en die graad 12 Afrikaans Huistaal-digbundel, d.i. *Verskuns vir Eerste Addisionele Taal* (Macmillan-uitgewers).

3. Die weglatings is onder die aandag van die uitgewers gebring, en hulle het intussen die lyste met errata versprei na al die skole wat hierdie bundels aangekoop het.

4. Die aandag van alle vakadviseurs vir Afrikaans en onderwysers vir graad 12 Afrikaans Huistaal en Eerste Addisionele Taal in die Wes-Kaap word op die aangehegte erratalys gevestig. **Bylae 1** (*Verse in my inboks* – Vivlia-uitgewers) en **Bylae 2** (*Verskuns vir Eerste Addisionele Taal* – MacMillan-uitgewers).

5. Die bylaes is ook op die Wes-Kaap Onderwysdepartement se Kurrikulumontwikkelingswebwerf by http://www.wcedcurriculum.westerncape.gov.za beskikbaar. Gaan na "FET: Further Education and Training", dan "Languages" en kliek op "Afrikaans". Kliek op "*Aflaailêers*" links en kliek op "*Onderwysbronne*".

Laer Parlementstraat, Kaapstad, 8001
Tel: +27 21 467 2630 Faks: +27 21 467 2258
Veilige Skole: 0800 45 46 47

Privaatsak X9114, Kaapstad, 8000
Indiensnemings- en salarisnavrae: 0861 92 33 22
www.westerncape.gov.za

6. Prinsipale word vriendelik versoek om die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle betrokkenes te bring.

GETKEN: PAD BEETS
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR
DATUM: 2017-05-31